Bianca Jooste

Gr.10 A

24 Maart 2011

Eerste Kwartaal

Die eerste kwartaal was glad nie so sleg soos ek gedink dit sal wees nie.

Die werk het baie meer en moeiliker geraak, maar ek gee nie om nie omdat alles so interessant is. Die onderwysers doen ook 'n goeie werk en verduidelik oor en oor tot ons die werk verstaan. Dit help baie.

Ons is al Gr.10 klas wat staan Wiskunde het en ons kry ekstra klasse. ~~(ons)~~ Die klasse help ~~(soos)~~, maar die studente wat ons help, verduidelik 'n bietjie anders as ons Wiskunde-onderwyser. Dit maak ons nou en dan so 'n bietjie deurmekaar. Ek sê nie dis sleg nie, dit help ~~(baie)~~ eintlik baie.

Ek hoop net die uitslae vir hierdie ~~(kwaart)~~ kwartaal is goed, Ek weet ek het hier en daar opgemors. Die werk is ook meer en moeiliker. Ek hoop maar vir die beste en is dit nie so goed lyk nie, kan ek altyd opmaak daarvoor.

Ek is verlig dat ons klaar is met ons toets-reeks vir hierdie kwartaal en dat skool amper sluit. Dit was 'n goeie kwartaal, maar ek sien uit na 'n ruskans.